# PERSVERKLARING

# SARS BEVORDER VERBONDE DOEANEKORRIDOR OM HANDEL REGOOR SUIDER-AFRIKA TE VERSNEL

**Tshwane, 23 November 2026** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het verlede Vrydag ’n ooreenkoms van onderlinge verbinding met die Zambiese Inkomste-owerheid (ZRA) onderteken om doeane-inligting outomaties uit te ruil voordat goedere die grens bereik. Die ooreenkoms bevorder ’n nuwe model vir streeksamewerking op doeanegebied en help om Afrika se handelsooreenkomste vir ondernemings, ekonomieë en burgers te laat werk.

SARS het op 30 Julie 2026 ’n soortgelyke ooreenkoms met die Malawiese Inkomste-owerheid (MRA) onderteken. Samesprekings met Zimbabwe vorder, en die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK) word vir toekomstige insluiting beoog. Saam lê hierdie ooreenkomste die grondslag vir ’n streekskorridor wat op data-gedrewe doeaneprosesse voor aankoms berus. Die model is daarop gemik om doeaneadministrasies te help om risiko’s vroeër te beoordeel, die akkuraatheid van handelsinligting te verbeter en vinniger beweging van wettige goedere te ondersteun.

Soos die ooreenkoms met die MRA, maak die ooreenkoms tussen SARS en die ZRA voorsiening vir die elektroniese uitruil van doeane-inligting oor besendings wat tussen die twee doeanegebiede beweeg. Deelnemende owerhede kan dit gebruik vir risikobepaling voor en ná aankoms, geteikende inspeksies en oudits, beter handelsdata en vooraf ingevulde doeaneverklarings.

In plaas daarvan dat deelnemende owerhede eers by die grens met ’n besending te doen kry, kan hulle ooreengekome inligting geleidelik vooraf elektronies ontvang. Dit stel hulle in staat om risiko’s vroeër te identifiseer, uitvoer- en invoerinligting te rekonsilieer en vir wettige vrag voor te berei voordat dit aankom. Dit behoort meer doelgerigte doeanebeheer en die doeltreffender beweging van handel wat aan die vereistes voldoen, tot gevolg te hê.

Die inisiatief gee praktiese uitvoering aan die Afrika-kontinentale Vryhandelsgebied (AfCFTA) se strewe om handel binne Afrika deur doeanesamewerking, harmonisering

en handelsfasilitering te versterk. Die AfCFTA moedig verbonde digitale stelsels aan wat inligting oor reisigers, goedere en vervoer uitruil voordat hulle die grens bereik.

Deur streeksintegrasie van beleid na doeanebedrywighede oor te dra, kan hierdie werk duplisering verminder, voorspelbaarheid verskerp en help om onderwaardasie, foutiewe verklarings en teenstrydighede tussen uitvoer- en invoerverklarings te identifiseer. Inkomsteadministrasies kan dan hulpbronne op bewegings met ’n hoër risiko toespits terwyl hulle wettige handel fasiliteer.

SARS Kommissaris dr. Johnstone Makhubu het gesê die korridor weerspieël die soort toekomsgerigte administrasie wat nodig is om streeksintegrasie in die praktyk te laat werk. “Leierskap gaan nie daaroor om vandag se prestasie te vier nie, maar om môre se risiko’s te identifiseer en op te tree voordat dit struikelblokke word. SARS se verantwoordelikheid is om vir die toekoms voor te berei voordat die toekoms aanbreek.”

**Die bou van ’n Afrika-doeanekorridor**

SARS se program vir doeaneverbinding is gegrond op die wedersydse uitruil van uitvoerverklaringsdata met streeksdoeaneadministrasies, aanvanklik Malawi, Zambië en Zimbabwe. Dit maak voorsiening vir geharmoniseerde data, die gemeenskaplike gebruik van die unieke besendingverwysing (Unique Consignment Reference), stelsels wat met mekaar kan saamwerk en die integrasie van uitgeruilde inligting by doeanerisikobestuur.

Die deelnemende administrasies beoog om ooreengekome inligting oor uitvoerders en ontvangers, tariefklassifikasie, goederebeskrywings, hoeveelhede, doeanewaardes, oorsprong en bestemming, en vervoerbesonderhede uit te ruil.

Streeksverbinding is ’n kernkomponent van SARS se program vir die modernisering van doeane en aksyns. Die doel is nie om noodsaaklike doeanebeheer uit te skakel nie, maar om dit vroeër, slimmer en op grond van beter inligting toe te pas. Voorsorgmaatreëls reguleer vertroulikheid, persoonlike inligting en die toegelate gebruik van uitgeruilde inligting, sodat die verbinding albei aspekte van die doeane-mandaat dien: om wettige handel te fasiliteer en inkomste, ekonomieë en voorsieningskettings te beskerm.

Kommissaris Makhubu het bygevoeg: “’n Verbonde doeanekorridor is nie bloot ’n tegnologieprojek nie. Dit is ’n verbintenis deur Afrika-instellings om op grond van gedeelde inligting op te tree, die integriteit van ons ekonomieë te beskerm en handelaars wat aan die vereistes voldoen, die sekerheid te gee om regoor die streek sake te doen, te belê en te groei.”

SARS glo dat elke deelnemende administrasie en ekonomie voordeel behoort te trek uit beter inligting, sterker beskerming van inkomste, doeltreffender risikobestuur, verbeterde handelsstatistieke en meer voorspelbare beweging van wettige goedere. Vir ondernemings behoort dit minder onnodige ingrypings, groter voorspelbaarheid en ’n grensproses te behels wat beter tussen wettige handel en werklike risiko’s kan onderskei.

Afrika nader die punt waar sommige van die praktiese voordele van sy kontinentale handelsraamwerk toenemend op bedryfsvlak verwesenlik kan word.

“Inligting behoort voor die goedere te beweeg sodat wettige handel in Afrika vlotter kan verloop wanneer die goedere aankom,” het Kommissaris Makhubu ten slotte gesê.

Vir meer inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za

**EINDE**